I N D E P E N D E N T

C O R P O R A T E   R E C O V E R Y   A D V I S O R S

Independent Trustees (Pty) Limited (Reg No 2002/025164/07)
Blaauwklip Office Park, Block 2 Level 1, Webersvalley Road,
Jamestown, Stellenbosch 7599 (Also at Randburg)
P O Box 820 Stellenbosch 7599
Telephone: (021) 880 5400
International: (+27) 21 880 5400
Fax: (021) 880 5430
Website: www.corprecover.co.za

Your Ref:

Our Ref: **RYNETTE PIETERS**

Direct Line: **021 – 880 5400**

Direct Fax: **021 – 880 5430**

Cell Phone: **082 – 3769690**

Direct E-Mail: **rynettep@corprecover.co.za**

Date: **15 September 2005.**

***AAN ALLE BEKENDE SKULDEISERS***

Geagte Meneer/Mevrou

**A H ENGELBRECHT (SNR) & SEUNS BOERDERY (EDMS) BEPERK (IN VOORLOPIGE LIKWIDASIE) ("DIE MAATSKAPPY")**
**REGISTRASIENOMMER : 2000/023555/07**
**MEESTERSVERWYSINGSNOMMER : C350/2005**

Ons bevestig hiermee die bogemelde maatskappy is op 16 Augustus 2005 deur 'n Bevel van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop) in voorlopige likwidasie geplaas. Die aansoek is gebring deur A H Engelbrechts (Snr) Beleggingstrust IT3432/2000 onder Saaknommer 7539/2005. Die keerdatum vir die finale bevel is 12 Oktober 2005.

Meneer J F Klopper van ons kantoor en Mnr V Matikinca van Smith Tabata Buchanan Boyes Matikinca Ing is as voorlopige likwidateurs deur die Meester van die Hooggeregshof aangestel. Skrywer sal die dag tot dag administrasie van die boedel hanteer.

Die Maatskappy was 'n bedryfsmaatskappy wat 'n boerdery bedryf het en dienste gelewer het aan ander enititeite.

Die likwidateur se voorlopige ondersoek na die sake van die maatskappy is afgehandel en die finansiële posisie van die maatskappy blyk as volg daar uit te sien:

**BATES:**

**Roerende Bates**

| | |
|---|---|
| Toerusting en voertuie – gewaardeer | R 834 100,00 |
| Debiteure – <br>(*Word verder deur die Likwidateurs ondersoek)* | NIL |

Directors:
JF Klopper B Com B Proc R Pieters B Econ LDR Van der Merwe B Com LLB
MJ Maseko B Juris LLB HA Plaatjies B Juris LLB

| | |
|---|---|
| **TOTALE BATES** | **R834 100,00** |

**LASTES:**

Versekerde Skuldeisers:

Geen

Voorkeur Skuldeisers:

| | |
|---|---|
| Ontvanger van Inkomste<br>Ongeveer | R 400 000,00 |

Konkurrente Skuldeisers:

| | |
|---|---|
| Ongeveer | R7 500 000,00 |
| **TOTALE LASTE** | **R7 900 000,00** |

Ons beklemtoon dat die bogemelde syfers slegs beraamde syfers is en dat dit onderhewig is aan verifikasie en aanpassing.

Die Likwidateurs is besig om die aangeleentheid verder te ondersoek. Die Maatskappy, A H Engelbrecht (Snr) & Seuns Boerdery (Pty) Ltd beoog om 'n kompromie met sy skuldeisers aan te gaan om voortgesette funksionering van die besigheid te verseker. 'n Skikking of kompromie is wanneer die Maatskappy 'n ooreenkoms aangaan om sekere dividende op die vorderings van skuldeisers te betaal. 'n Meer volledige finansiele verslag sal aan alle skuldeisers gestuur word wanneer die likwidateurs die aanbod deur die Maatskappy ontvang. Die skuldeisers Sigfin (Edms) Bpk en Windhoek Boerdery het hul eise onttrek en dus word die eise teen die Maatskappy aansienlik verminder tot ongeveer R7 500 000,00 miljoen rand.

Daar is op hierdie stadium nie 'n gevaar van 'n kontribusie nie en skuldeisers kan die nodige eisvorms van ons webblad **www.corprecover.co.za** aflaai. Indien u nie toegang tot die internet het nie, kan u ons kantoor kontak vir eisvorms.

Ons vertrou u vind die bogemelde in orde en ons berig eersdaags weer aan u.

**RYNETTE PIETERS (MEV)**
**Namens LIKWIDATEURS**